Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 4 Maart 2018 Jr. 7 Nr. 8
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Genade, genade, genade...

Die ontmoeting tussen Jesus en Saggeus kan op geen ander manier beskryf word as: Genade, genade, genade . . . nie. Die gemeenskap het nie baie ooghare vir Saggeus gehad nie – hy is immers ‘n bedrieër en ‘n verraaier.

Hy is eintlik ‘n “persona non grata”, wat eintlik geen genade verdien nie. Tog is daar by hom die behoefte om Jesus te sien en hy soek Hom. Jesus vind hom, want dit is wat God doen; dit is Wie Hy is: “Hy soek en verlos diegene wat verlore is”. Dit laat my nogal wonder: Die mense wat ons so maklik afskryf; by hoeveel van hulle is daar eintlik ‘n diep soeke na God?

Die woorde van Jesus aan Saggeus: “Saggeus, klim gou af, want Ek moet vandag in jou huis oorbly”, is eintlik so oorweldigend. ‘n Mens wil eintlik net reageer met: WOW! So het Saggeus ook gereageer. Sy optrede en gedrag daarna, wil jou ook laat uitroep: WOW! Dit is wat die genade van God aan ‘n mens doen.

Genade motiveer ons nie tot dissipelskap deur vrees en beloning in te span nie. Dit het ’n baie kragtiger en dieper werking as so ’n oproep tot aksie ooit kan hê; dit maak my ’n nuwe mens, met nuwe lewensmoontlikhede. Dit oorweldig my tot ‘n lewe van dankbaarheid.

Leef met ‘n passie vir God en ‘n hart vir mense en ‘n wêreld in nood.

Sondag 4 Maart

Genade, genade, genade
Lukas 19:1-10

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek (doop)	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel (doop)	Lizette Louw en Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Deurkollekte: Seniorsorg

Kom saam

Besoek aan Straatwerk word beplan vir Vrydagaand, 9 Maart 2018.
Saam met die personeel van Straatwerk, word uitgereik na vrouens wat in mensehandel vasgevang is en gedwing word om op straat te 'werk'. Ons ry saam met die Helderberg-bussie.

Belangstellendes kontak asseblief vir Isabel Vroon by 072 374 6776 of bella.vroon@gmail.com
Dringend gesoek bussie-bestuurder met geldige PDP lisensie

Informele diens se nuwe liedjies

Hier is die skakels na hierdie Sondag se informele diens se nuwe liedjies:
Your love is amazing (Halleluja)
https://www.youtube.com/watch?v=pWT3Hd6WqE0
Nuwe Generasie
https://www.youtube.com/watch?v=2DmF_5FvIZA

Sondag 11 Maart

Nagmaal

Genadige oë
Jes 42:1-4

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel	Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Madri Bruwer (Straatwerk)
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - kut3Apr?

Kom sing saam

Ou bekendes uit die Halleluja-boekie gaan gesing word op 4 Maart 2018 om 15:00 in die Kapel. Liefdesoffers gaan op-geneem word ten bate van **ACVV Huis Danie van Huyssteen** in Carnarvon om vir hul behoeftige senior burgers doeke aan te koop. Hulle het enige nagklere, hemde en bloese ook nodig.

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia - behandeling in VSA
Sonja Kruger - gewas
Rehanna Nolte - beenkanker
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Daniel Benade - hartklep operasie
Annalise Wiid - herstel na operasie
Elby Meyer - kanker
Andrew King - gehospitaliseer
Greta Bester - herstel na operasie
Helene Swart - kanker
Corneille Barnard - herstel na knievervanging
Dirk Wessels - hospitaal

Rou

Ons dink aan Helena Wessels se man, Dirk, en familie.
Malinda Basson - ons dink aan haar familie en vriende

Wat gebeur die week:

Dinsdag 6 Maart
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
08:15 Bid in Kapel
08:45 Helderberg Seniorklub - Korinte
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel

Woensdag 7 Maart
10:00 DIY-oggend - Tent
19:00 Belydenisgesprek - Kapel

Donderdag 8 Maart
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, S&P, DC4K en GS
18:45 Kantory oefen

Vrydag 9 Maart
Straatwerk

Die volgende ouerpare doop:

Klassieke diens
Hugo en Amanda Loots met Zara

Informele diens
Jean en Liezl de Kock met Fleur Elizabeth

Helderberg Seniorklub

Byeenkoms op 6 Maart om 8:45 vir 9:30 in Korinte.
Program vir die dag:
Ons is so opgewonde om na Kobie du Plessis `n wêreldbekende harpspeelster te kan luister. Ons nooi almal uit om saam met ons dit te geniet en te hoor hoe sy op die wonderlike instrument `n reënboog van klank, kleur en emosie uitbeeld.
Besoekers en nuwe lede is welkom: Koste R20 en dit sluit tee in.
Kontakpersoon: Isabel Lubbe by 021- 855 1528 of 082 844 0735

Seniorsorg

Seniorsorg fokus op drie tehuise vir bejaardes, Huis Marie Louw, Huis Esperanza en Huis Zandvliet. Die staatstoelaag wat die meerderheid inwoners ontvang is nie voldoende om hulle huisvesting en versorging te betaal nie. Dan is daar ook ‘n groot behoefte aan doeke vir volwassenes. Dit is in hierdie opsig wat Seniorsorg se fondse hoofsaaklik aangewend word.

Die bestuur van die tehuise dien ook jaarliks ‘n lys van behoeftes in wat addisioneel tot die finansiële bydra is. Seniorsorg het as voorbeeld ‘n haarsalon by Huis Zandvliet ingerig met toerusting geskik vir veral verswakte bejaardes.

Erkenning word ook aan die personeel van die tehuise gegee om hulle te motiveer om voort te gaan met die ongelooflike diens wat hulle aan die inwoners lewer.

Die tehuise word gereeld besoek en dan word daar saam met die inwoners ‘n soetigheid en tee geniet. Musiek in die agtergrond het al ‘n paar danspassies tot gevolg gehad.

Helderberg Gemeente het op enige tydstip meer as vyftig gemeentelede wat 90 jaar en ouer is. Die gemeentelid word op sy/haar verjaarsdag deur ‘n predikant en ‘n Seniorsorg-bestuurslid besoek waartydens heerlik gekuier word. Die betrokke gemeentelid word ook die Sondagoggend op RSG geluk gewens sodat familie en vriende herinner word van die verjaarsdag.

Seniorsorg het jou voorbidding nodig vir die senior burgers en dat hulle geestelik en liggaamlik goed versorg sal word. Jou voorbidding en finansiële bydraes stel Seniorsorg in staat om ons Goddelike opdrag uit te voer.

Seniorsorg groete
Ina van Niekerk: Projekleier 082 578 9893 of 021-840 0020

Getuienisse van tehuise:

Vanaf die Bestuur van Huis Esperanza wil ons graag baie, baie dankie sê vir nog ‘n jaar se ondersteuning aan veral die inwoners, maar ook vir ons personeel en bestuur. Ons is werklik diep dankbaar vir die ongelooflike ondersteuning wat ons van julle almal ontvang.

Die personeel se teekamer is in die verlede mooi opgegradeer met sagte gordyntjies, mooi prente teen die muur, ‘n mikrogolfoond om hul kos in warm te maak, ‘n ketel en ook lekker gemaklike banke om op te sit. Ons personeel het ook al elkeen ‘n heerlike pakkie tuisgebakte koekies ontvang. Dis dinge wat nie ongesiens verby gaan nie en word werklik deur die personeel waardeer.

Mev BV Louw
Huis Esperanza

Seniorsorg is reeds jare by ACVV Huis Marie Louw betrokke. Ons ontvang maandeliks losies van R2 500 en het ook ‘n mikrogolf, teetrollie, geskenke en doeke ontvang, asook die verswakte afdeling se stoelkussings gerestoreer.

Asergroep gee ook jaarliks ‘n bedrag en 2017 se bedrag is gebruik vir ‘n inwoner se fisioterapie na ‘n heupvervanging.

Namens myself en die inwoners, baie dankie aan die gemeente en hul bydrae. Die tehuis benodig elke sent en item.

Johanna Meyer
ACVV Huis Marie Louw

Laaste dag by Helderberg

Vandag neem Helderberg offisieel van my afskeid. Sedert ek klaar geswot het, is elke fase ‘n oorgang na ‘n volgende fase. Nie die einde van ‘n era, of die begin van ‘n nuwe een nie, maar ‘n *continuation* van my *journey* as jong volwasse man, seun en pa.

Ek het nie al die antwoorde nie, maar, in alle eerlikheid (al neem my kop soms oor) berus ek my by die wil van God. Minder. Stadiger. Intensioneel … en miskien ‘n bietjie *travel* daarby.

Helderberg het my onregverdige genade gegun om te reis op hierdie *journey*, om groot te word, om te aanvaar dat ek goed genoeg is.

Conversations was soms min omdat ek doelgerig gewerk het, maar daar is sommiges wat ‘n ewige indruk of gedagte by my gelaat het - miskien weet jy dit, miskien nie (dit maak nie saak nie). Dit het my gevorm.

Ek is eintlik ‘n diep outjie, as jy nog nie weet nie. Ek dink baie. Ek bedoel, ek dink BAIE. Dit help my om te verstaan wat gebeur, en belangrikste van alles, dit help om God se wil te sien - al verstaan ek dit nie. Ek hou van moeilike vrae, al maak dit my bang en bitter ongemaklik. Maar te midde van hierdie ongemak groei ek. Daarom lyk dit soms of ek al die antwoorde het as ek praat, en sommige van julle het daardie antwoorde vertrou. Sommiges het gewerk en ander nie. Dankie vir onregverdige genade.

Ek het waarlik iets van God se liefde en ferm begeleiding ervaar. Soos ‘n ma, ‘n pa, ‘n ouma en ‘n oupa.

Dankie Helderberg. Dankie God.

JC de Jongh

Ter ere aan JC, was die personeel kaalvoet by sy afskeid.

Helderberg Hospitaalprojek

By Helderberg Uitreik is ‘n groep mense wat passievol is oor die pasiente by Helderberg Hospitaal en hulle het pas ‘n nuwe projek geregistreer.

Hulle bedien elke tweede Saterdag verversings by Ongevalle, asook by die Kraam- en Kindersale van dié hospitaal. Die pasiente is ook honger vir liefde, deernis en gebed.

As jy belangstel om hier betrokke te raak, skakel asb met die projekleier Miemie Heeringa by 084 298 6608 of marleneheeringa@gmail.com
Kom saam! Hierdie is ‘n baie spesiale en broodnodige bediening.

Elke dag tydens lydenstyd is daar ‘n dagstukkie op die webblad (www.nghelder.co.za) en ook op Facebook (Helderberg Gemeente).

Nuwe omgeegroep vir jong werkendes

Kontak Wouter Hanekom indien jy belangstel by 084 701 7785 of wouterhan@gmail.com

DIY-oggend

Almal is welkom. Ons maak saam iets en kuier lekker saam.
Wanneer: 7 Maart
Waar: Die Tent
Tyd: 10:00-12:00
Tema: Ons gaan kaartjies maak en versier
(jy is welkom om enigiets saam te bring wat jy dink ons kan gebruik)

Donasies vir Helderberg Beradingsentrum.
Navrae: Meagin 021-851 5582

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*